RINGBALL SOUTH AFRICA

www.ringballsa.co.za

PO Box 35702
Menlopark
0102

Tel: (012) 426 8292 (b)
Cell: 082 797 1580
Fax: 086 656 7885
Email: letitia@agsa.co.za

RingballSA/Omsendbrief 13/2014

4 Desember 2014

Aan Provinsiale federasies
Distrikte
Klubs
Verenigings

Is Grense

Na aanleiding van navrae tydens die bosberaad en ook ‘n besprekingspunt wat tydens die algemene jaarvergadering van 8 November 2014 bespreek is, het RingbalSA ‘n skrywe aan SASCOC gerig waarin daar, onder andere, gevra is wat SASCOC se beleid aangaande grense is. Sal spelers toegelaat word om te speel in ‘n provinsie of distrik waarin hy/sy nie woon nie en, indien SASCOC sê dat grense nie afdwingbaar is nie, sal ringbal op sy eie spelers kan dwing om te speel in die provinsie of distrik waar hy/sy woon?

Die antwoord wat ontvang is, is dat grense glad nie afdwingbaar is nie en dat sportfederasies nie spelers kan dwing om in ‘n bepaalde provinsie of distrik te speel nie aangesien dit indruis teen die demokratiese beginsels van die land se grondwet.

Verder stel SASCOC juis voor dat spelers en beamptes oorgaan na ander provinsies / distrikte om klein of onaktiewe provinsies / distrikte op die been te bring en te help om te groei en sterker te word as deel van ontwikkeling. Hulle verkies dat daar meer distrikte aktief is as dat minder distrikte aktief, maar groter en sterker is. In kort, staan SASCOC dit juis voor dat spelers en beamptes juis buite hul grense optree ten einde die sport verder te ontwikkel.

Letitia Greenberg
Secretary-General